

LAERSKOOI TUINRAND

Schürmannsilaan 936 CLAREMONT 0082
Tel : (012) 379-2119/0 / 087 110 0571
e-pos:tunrandsk@laerskool-tuinrand.co.za
webadres:laerskool-tuinrand.co.za



Posbus 48200 HERCULES 0030
Faks: (012) 379 – 7625
SARS:PBO 930004773
NPO 031 716

DISSIPLINÊRE STELSEL

- a. Die stelsel van strafmaatreëls vir wangedrag word gebruik as 'n opvoedkundige instrument ter bevordering van u kind se ontwikkeling.
- b. Elke leerling word volledig ingelig oor die funksionering van die stelsel en moet dit regverdig beleef. 'n Lys van oortredings wat as aanvaarbare gedrag beskou word sal aan elke leerling oorhandig word.
- c. Ouers word deeglik ingelig met betrekking tot probleme.
- d. 'n Lys met die oortredings gegroepeer in 3 vlakke is beskikbaar op rekenaar. Die onderwyser lees dadelik die oortreding op sy tablet of skootrekenaar in. Die lys van oortredings is toegerus met 'n kode vir maklike en spoedige verwysing. Leerders word gepenaliseer met 'n inskrywing teen sy naam indien hy/sy 'n oortreding sou begaan. Die oortredingskode word dan teenoor die leerling se naam aangebring.
- e. 'n Vlak 1 oortreding sal 1 debiet teen die kind se naam aanbring, terwyl vlak 2 dan 3 debiete en vlak 3, 5 debiete teen die kind se naam aanbring.
- f. Nadat 'n kind se oortredings 5 debiete verdien of oorskry, word die eerste waarskuwingsbrief uitgestuur en die leerder sit so sy eerste detensie. Die detensiebrief word na die ouers gestuur en moet geteken en die volgende dag teruggestuur word.
- g. Indien 'n leerder se oortredings voortgaan en hy /sy 10 debiete bereik of oorskry, sal daar weer met ouers gekontak word op dieselfde wyse as reeds genoem. Die leerder kry sy tweede waarskuwingsbrief en sit sodoende sy tweede detensie.
- h. Indien 'n leerling steeds voortgaan en sy 15 debiete bereik of oorskry, ontvang die leerder sodoende sy derde waarskuwingsbrief en sit dan ook so sy derde detensie. Daar sal ook 'n afspraak gemaak word met die ouer. Indien die leerder wel skuldig is, word die saak na die Beheerliggaam verwys vir :

1. Moontlike skorsing [1 of 2 weke]
2. Uitsetting
3. SAPD - Kriminele ondersoek
4. Kombinasie van bogenoemde

LET WEL: 'n Leerder se eerste oortreding kan alreeds van so 'n aard wees dat dit na die Beheerliggaam verwys word en 'n moontlike skorsing mag dan dalk plaasvind. Voorbeelde hier ter sprake is bv:

- Slaan of rand 'n leerder of onderwyser aan
- Vloek, beledig of stamp aan 'n onderwyser

- i. Die dissiplinêre komitee sal dan byeengeroep word om bewerings van wangedrag aan te hoor. Die kind en sy ouers sal teenwoordig wees.
- j. Indien 'n leerder se oortredings die 20 debiete merk bereik, word die inligting op die rekenaar gehou en telkens aangevul. So word dan volledige rekord gehou van oortreders se totale oortredings tydens hul skoolloopbaan.
- k. Strawwe tot so hoog as algehele skorsing uit die skool is hier dan wetlik van toepassing.

Oortredings Vlak 1

1 Debiete

1. Wegbly van buitemuurse aktiwiteite
2. Arrogansie/ongemanierd
3. Blatante ongehoorsaamheid
4. Boeke vergeet
5. Eet in die klas
6. Selfoon gebruik in skoolure
7. Gooi voorwerpe in die klas rond
8. Gooi voorwerpe by verdiepings af
9. Huiswerk nie gedoen nie
10. Kom laat in die klas/skool
11. Oneerlikheid
12. Praat aanhoudend in die klas
13. Praat tee met leiers/onderwysers
14. Probeer snaaks wees
15. Ry op stoel
16. Skree uit
17. Speel in die klas
18. Spoeg
19. Swak gedrag in openbaar
20. Swak gedrag: saalopening
21. Swak gedrag: skoolgeleentheid
22. Swak gedrag: wissel/aantree
23. Laat tas op verkeerde plek
24. Toets nie geteken nie
25. Verbode terrein
26. Voorkoms: juwele/bandjies
27. Voorkoms: hare/naels
28. Voorkoms: kleredrag
29. Verlaat klas sonder toestemming
30. Gooi voorwerpe rond
31. Hardloop op stoepe
32. Spot maat
33. Ry skaatsplank/fiets in skool
34. By die motors van onderwysers
35. Swak gedrag
36. Afskryf van huiswerk

- 37. Nasorg nie gedoen
- 38. Rommelstrooiing

Oortredings Vlak 2

3 Debiete

- 39. Onderbreek lesse
- 40. Aantasting van eer / privaatheid
- 41. Baklei / handgemeen
- 42. Breek/ verniel skool eiendom
- 43. Verlaat skool sonder toestemming
- 44. Laat skool in die steek [sport/kultuur]
- 45. Oneerlikheid tydens toetse/eksamen
- 46. Rook
- 47. Vloek of skeltaal
- 48. Pornografie
- 49. Oneerlikheid in die algemeen

Oortredings Vlak 3

5 Debiete

- 50. Aanranding
- 51. Boelie /spot maats
- 52. Diefstal
- 53. Dwelms /alkohol
- 54. Gevaarlike wapens
- 55. Rassehaat
- 56. Seksuele teistering
- 57. Afknou
- 58. Dreig ander leerders
- 59. Onweloweglike materiaal, literatuur/-gedrag
- 60. Vandalisme

Let wel:

Indien u kind 'n Vlak 3 oortreding begaan, kan hy onmiddellik geskors word.

Afskeurstrokie: Onderneming t.o.v. dissipline stelsel

Ek / Ons, Mnr / Me _____ neem kennis van en aanvaar die dissipline stelsel.

Handtekening (ouer)

Handtekening (leerder)

Datum

**KONSEPBELEID RAKENDE ALKOHOL EN DWELMMISBRUIK
DIE BESLUIT OOR DISSIPLINE WORD AANGEVUL MET KONSEPBELEID.
DIE BEHEERLIGGAAM BESLUIT WAT AANGENEEM OF WEGGELAAT WORD.**

**1.0. ALGEMENE PARAMETERS WAARBINNE DIE SKOOL SE ANTI-
ALKOHOL - EN DWELMBELEID GELD.**

- 1.1. Op die skoolterrein
 - 1.1.1. Binne of buite skoolure
 - 1.1.2. In of sonder skooldrag
- 1.2. Op 'n skooluitstappie / weg van die skoolterrein :
 - 1.2.1. Binne of buite skoolure
 - 1.2.2. In of sonder skooldrag
- 1.3. Waar die skool verteenwoordig word.
 - 1.3.1. Binne of buite skoolure
 - 1.3.2. In of sonder skooldrag
- 1.4. As leerder van die skool geïdentifiseer
 - 1.4.1. Binne of buite skoolure
 - 1.4.2. In of sonder skooldrag
- 1.5. Bewus daarvan dat leerder met dwelms handeldryf
 - 1.5.1. As leerder van die skool
 - 1.5.2. Tot nadeel van die skool en ander leerders.

2.0. ALGEMENE BEGINSELS :

- 2.1. Die hoof en die beheerliggaam huldig die standpunt dat leerders wat betrokke is by enige vorm van dwelm- of - alkoholmisbruik, (hetsy met wettige of onwettige middels), skadelik is vir die beeld van die skool en dat dit tot nadeel van die welsyn van die totale leerderskorps strek. Sodanige gedrag is gevolglik streng verbode in alle omstandighede soos hierbo aangedui.
- 2.2. Die hoof en die beheerliggaam aanvaar egter dat samewerking met ouers / voogde noodsaaklik is ten einde leerders wat wel substansie misbruik, te ondersteun om ten volle te rehabiliteer.

3.0. WERKSWYSE :

- 3.1. Identifikasie van dwelmmisbruik by leerders
 - 3.1.1. Ewekansige urientoetsing sal op 'n gereelde basis op die totale leerderskorps uitgevoer word.

- 3.1.2. Die toetsing sal op 'n professionele wyse deur die personeel van SANRA uitgevoer word.
- 3.2. Vrywillige erkenning van 'n dwelmmisbruik program.
 - 3.2.1. Die ouers / voogde sal verwittig word rakende reëlins om die betrokke leerder te verwys na SANRA , Pretoria Noord, met die oog op 'n evaluasie.
 - 3.2.2. Dit word as noodsaaklik geag dat die leerder toetree tot en volhard met 'n rehabilitasieprogram totdat sodanige leerder amptelik verklaar word vry te wees van afhanklikheid van enige simptome van middel afhanklikheid.
 - 3.2.3. Solank as wat die skool op gereelde grondslag van die leerder se vordering rondom die rehabilitasieprogram op die hoogte gehou word, sal die skool hom / haar deurlopend ondersteun.
 - 3.2.4. Die saak sal, sover moontlik, streng vertroulik hanteer word.
 - 3.2.5. Die hoof en die beheerliggaam behou die reg voor om te versoek dat die leerder van die skool verwyder word indien :
 - 3.2.5.1. Die leerder weier om toe te tree tot 'n rehabilitasieprogram of om dit te staak alvorens dit afgehandel is.
 - 3.2.5.2. Daar bewys is van verdere dwelmmisbruik.
- 3.3. Nie - vrywillige identifikasie van dwelmprobleem
 - 3.3.1. Wanneer 'n informant (bv. 'n opvoeder, 'n mede-leerder of 'n ouer) 'n sterk vermoede rapporteer dat 'n leerder moontlik by een of ander vorm van substanmisbruik betrokke is, sal sodanige leerder met die inligting gekonfronteer word.
 - 3.3.2. Indien die leerder hierdie betrokkenheid ontken, sal die S.A.- Narkotika Buro of die plaaslike polisie se hulp deur die skool ontbied word.
 - 3.3.3. Die ouers / voogde sal verwittig word van stap hierbo genoem. Die leerder sal dan 'n verpligte urinetoets moet ondergaan en die ouers / voogde sal verantwoordelik wees vir die onkoste verbonde daaraan indien die uitslae positief is.
 - 3.3.4. Indien die toets positief is, sal reëlins getref word om die betrokke leerder na SANRA Kliniek vir evaluasie te verwys.
 - 3.3.5. Bepalings 2.2. tot 2.5.2. hierbo, sal dan van krag wees.
- 3.4. Handeldryf met dwelms
 - 3.4.1. Indien 'n leerder verdink word van die handel in dwelms, sal NANAB of die plaaslike polisie deur die skool ontbied word.
 - 3.4.2. Indien die leerder in hegtenis geneem word, sal die skool die leerder outomaties skors.
 - 3.4.3. Die beheerliggaam sal as 'n saak van dringendheid, 'n formele dissiplinêre verhoor reël ten einde die skorsing te bekragtig.

- 3.4.4. Die Wet en voortspruitende prosesse sal hierna in werking tree.
- 3.4.5 Indien die leerder in die hof skuldig bevind word, sal die beheerliggaam 'n verdere dissiplinêre verhoor reël en versoek dat die hoof van die Gautengse Onderwysdepartement (Superintendent - generaal) die betrokke leerder so gou as moontlik suspendeer.

MJ